



Kompass



Jaargang 15 no. 7

Julie 2006

Tema:

Arbeid

- **Die kultuuropdrag en ons daaglikse arbeid** 2
- **Arbeid en Regstellende Aksie** 3
- **Kinderarbeid in die 19^e eeu** 5
- **Stakings** 7

- Die missionêre kerk (5): - Op Christus gerig! 9
- **Negrologie – waarom Afrika vergaan** 11
- **Die Judas- en Da Vincisameswerings** 13
- **Kinders en geld, ouers en tyd** 15

Arbeid Adel

In die wetenskapklas was dit dalk vir u ook moeilik om te verstaan waarom arbeid eers arbeid is “wanneer die voorwerp se beweging in die rigting is van die krag wat daarop inwerk”. ‘n Mens werk mos nie nêr as jy jou tas optel nie, jy werk net so hard as jy hom al die pad huietoe moet dra ook! Om die waarheid te sê, die tas word al hoe swaarder!! Gelukkig gaan ons uitgawe van *Kompass* dié maand nie oor die wetenskaplike begrip “arbeid” nie, maar oor die groot voorreg wat die Here aan ons gegee het om te kan werk tot sy eer!!

Ja, ons praat doelbewus van die “voorreg om te kan werk” om te wys op die tema van hierdie artikel. Dit is die ou gesegde “arbeid adel”; om te werk is ‘n deug, ‘n koninklike taak op aarde! Met dié pragtige kreet word die negatiewe konnotasie aan werk doelbewus teengegaan. Ons wil die lig van die Skrif laat skyn op die vreugde van werk in hierdie uitgawe.

Ons doen dit doelbewus, want mense dink so maklik aan werk as ‘n straf. ‘n Mens sien werk maklik as daardie “schlep” wat jy moet deurgaen voor jy Vrydag jou das van jou nek afruk en gaan rus. Dan is dit mos “weekend” en die week en die werk het “ge-end”. Mense praat ook van aftree as daardie tyd waarin ek nie meer hoef te werk nie. Daarmee word nie gesê dat ‘n welkome ruskansie nie goed is nie. Maar wanneer die doel van werk is om uiteindelik nie meer te werk nie, dan werk iets nie meer so lekker nie. Die teenstelling tussen “goeie tye” en werkstye is verseker van ‘n onskriftuurlike materiaal gewef. Werkstyd behoort ook goeie tyd te wees. As dit nie is nie, dan moet die oorsaak nie in die werk self nie, maar in die omstandighede en

gesindheid gesoek word. Mense word dan geëksploiteer, onmenswaardig aangewend of die werker self soek sy heil in die beloning van mense.

Dikwels word die negatiewe idee wat mense van werk het, vanuit die Skrif regverdig. Daar word dan met ‘n wasige bril verwys na die sweet van Adam wat “mos na die sondeval moes begin werk”. Hy moes van toe af “in die sweet van sy aangesig sy brood verdien” (Gen 3:19). Maar dan word vergeet dat die Here vir Adam van die begin af gemaak het om die tuin te beWerk. Werk was deel van God se volmaakte plan vir die mens. Dit was geen straf nie! So staan dit immers in dieselfde Genesis. Genesis 2:5 praat van die tuin soos dit gelyk het voor die sondeval en sê dan: “daar was geen mens om die grond te bewerk nie”. En as mense dink dit verwys na werk ná die sondeval, dan help Genesis 2:15 ons reg. Daar staan dat “die HERE God die mens geneem het en hom in die tuin van Eden gestel het om dit te bewerk en te bewaak”. Ja, werk was deel van dit wat God goed gemaak het. Net soos die res van die skepping het werk egter ‘n sondelas bygekry nadat die mens teen God gedraai het. Die aarde sou nog steeds haar vrug aan die mens gee, maar nou sou die mens dit met “moeite” in die hande kry. Sonde en die sondige gesindheid van Adam het van edele Paradysarbeid, van werk, nou moeite gemaak! Deur die Heilige Gees leer die Here egter sy kinders weer die vreugde wat daar van die begin af in werk skuil. Deur gehoorsaamheid aan Gods Gees leer hy om werk te sien as meer as net moeite. Werk, arbeid, is ‘n oorspronklike deel van die deugde wat God aan die mens gegee het!

DIE KULTUUROPDRAAG EN ONS DAAGLIKSE ARBEID

Gerard Hagg

TEMA: ARBEID

Die gelowige werk as beeld en gelykenis van God op aarde. So het God die mens geskep. Beeld en gelykenis dui daarop dat ons God verteenwoordig, sy aanwesigheid op aarde sigbaar maak. Ons is sy verteenwoordigers, sy onderkonings, wat namens Hom die skepping tot ontplooiing moet bring. Daarom het God Adam en Eva die opdrag gegee om die aarde te onderwerp, te beheers en te bewaak (Gen 1:26-28; 2:15). In ander woorde, die natuur moet tot kultuur gebring word. Daarom spreek ons ook van die kultuur-opdrag wat God ons gee. Hierdie kultuur-opdrag is tegelyk 'n genadige voorreg van God en 'n amps-aanstelling. Want om in sy wonderbare skepping te mag werk, is allereers genade. Wat is die mens dat U hom gedenk? (Ps 8). En tog het dit God behaag om juis die mens, en nie die engele nie, as sy onderkoning op aarde aan die werk te sit. Ja, Hy gebied sy engele om ons in ons taak te dien.

(vervolg vanaf bls 1)

Marx het nie net leuens verkondig nie. Hy het ook gesê dat die mens 'n arbeidsame wese is. Hoe meer jy 'n mens van sy werk vervreem, hoe meer vervreem jy hom van homself. Met hierdie waarheid wou Marx natuurlik die kommunistiese ideologie in plek sit en arbeid juis so beroof van sy unieke aard. Maar in Christus kan ons die vreugde van arbeidsaamheid werklik terugvind. Die Here wil mense van 'n verkeerde werksetiek vervreem en hulle weer laat werk tot sy eer en hulle satisfaksie.

Hoe dink u oor werk? Is daar vir u vreugde in u werk? Is alles net moeite? Voor u lê 'n hele paar bladsye van *Kompas* wat smee dat u hulle gaan deur-WERK. Kom en kom WERK saam. Kom doen die MOEITE en u mag dalk vind dit was die MOEITE werd: ARBEID ADEL!

Die kultuur-opdrag is tegelyk 'n amps-aanstelling. K. Schilder sê: Beeld van God dui nie op statiese koninklike prag nie, maar op 'n lewende amps-diens. Die mens is rentmeester van God. Die Bybel leer ons verskeie male oor rentmeesters. Hulle tree op namens die eienaar om sy belange te bevorder, soos Christus in die gelykenis van die talente verduidelik (Matt 25:14 e.v.).

Christus noem die rentmeesters sy diensknegte, sy slawe. Want alles wat hulle besit is van die Here. En Hy is hul eienaar. Die gelowiges is immers met sy kosbare bloed gekoop. Ons is sy eiendom (HK Sondag 1). Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op ons: alles wat ons doen, moet ons vir Hom en dus volgens sy Woord, sy gebooe en instellings doen. Tegelyk is dit 'n ryk troos, ons enigste troos in lewe en sterwe: dat ons sy eiendom is, en dat Hy deur sy Heilige Gees ons alles skenk om Hom te dien.

As beelddraers van God is ons egter ook sy verbondskinders (1 Joh. 3:1). Dit was al deel van die begrip 'beeld van God'. Adam was seun van God. Ons is tegelyk knegte en erfgename, kinders van God wat vir Hom op aarde mag werk. En as kinders mag ons sy liefde met ons liefdevolle gehoorsaamheid beantwoord (Rom. 5:18).

Ook na die sondeval word die kultuur-opdrag vir die mens gehandhaaf, omdat die mens beeld van God bly (Gen. 9:6; Jak. 3:9). Die amp word gehandhaaf, al wil die mens dit nie uitvoer nie. Inderwaarheid kán ons die kultuur-opdrag nie meer uitvoer nie. Ons breek af in plaas van op te bou, ons misbruik pleks van bewaar. Ons sien dit elke dag om ons heen in ons haat en nyd vir ons medemense en die ekologiese rampe wat ons veroorsaak. God laat sy kinders egter weer gebore word om weer as sy

beeld te kan werk. Christus het immers die kultuur-opdrag (en al sy ampswerk) volmaak volbring. Hy is die beeld van God (2 Kor. 3:18; 4:4; Kol. 1:15) wat Adam se werk voltooi en volmaak. Sy arbeid was volmaak tot lof van sy Vader en tot voltooiing van die skepping. En nou maak God sy kinders, die gelowiges gelykvormig aan die beeld van sy Seun (Rom. 8:29). Hy herskep ons om in staat te wees om die nuwe mens aan te trek, wat vernuwe is tot volle kennis, geregtigheid en heiligheid (Ef. 4:24; Kol. 3:10). So kan ons weer in beginsel voortgaan met die arbeid van Adam en Eva, om die aarde te bewerk, te onderwerp en te bewaak. Om God se beeld weer te wees en sy liefde vir die skepping uit te dra.

Wat het dit alles met ons daaglikse arbeid te doen? Allereers dat God in sy evangelie aan ons verkondig dat Hy ons as deel van sy nuwe mensheid, as beeld van God, herstel. Ons het deel aan die gawes van Christus — profeet, priester en koning — soos Hy dit in die doop aan ons belowe. Dit beteken dat Hy in Christus weer die kultuur-opdrag aan ons gee. Ons mag heers, onderwerp en bewaak, elke dag, soos Adam. Ondanks die vloek wat op die aarde lê mag ons elke dag uitgaan en as rentmeesters ons werk doen, omdat dit van God gegee is. As moeders by die huis mag ons die heerlike taak uitvoer van versorging en opvoeding van die gesin, klein beelddraers leer om hul kultuur-opdrag te verstaan en uit te voer. As vaders mag ons werk sodat die skepping tot ontplooiing kom, en die gesin, die gemeenskap van die heiliges en ons naastes versorg word. As kinders mag ons studeer, werk en speel om ons toe te rus vir ons werk as sy rentmeesters. Daarby mag ons ons verheug in ons arbeid, omdat dit nie tevergeefs is nie. Want sy seën rus op wat ons in sy

diens werk (Ps 127, 128). En ons mag geniet van die vrugte van ons arbeid.

Dieselfde evangelie leer ons dat die gelowige in Christus weer kán voortgaan met die opdrag wat God aan Adam en Eva gegee het. Ons mag elke dag as sy rentmeesters werk en ons kan dit ook doen. Hiervoor het Hy allereers sy Woord gegee. Dit is opvallend hoeveel praktiese gebooie Christus en die apostels vir

ons gee, sodat ons vir alle goeie werk toegerus sal word. Hy het ook sy Heilige Gees gegee, sodat ons vrugbaar op sy aarde kan werk. Ons kan vrugte voortbring, soos die Landbouer dit seek (Joh. 15). Ook in 'n skepping wat onder die vloek lê. Want om tot sy beelddraers verklaar te word is ook troosvol. Ons krag is immers uit Hom wat die wynstok is. En as Hy ons snoei, beproef en teë-

slae gee, dan is dit juis sodat ons baie vrug kan dra. Verder, omdat Hy ons Koning en Eienaar is, hoef ons nie slawe van ons werk te wees nie. Ons werk as kinders. En as die Here die huis bou, as ons in Hom werk, dan is ons arbeid nie tevergeefs nie en ontvang ons die rus in ons slaap (Ps. 127). Dan bring ons arbeid die regte vrugte op. In hierdie lewe, en in die ewige lewe. Want ons werke sal ons volg in die nuwe Jerusalem in. ✠

ARBEID EN REGSTELLEDE AKSIE

Willie Spies

TEMA: ARBEID

Regstellende aksie is 'n algemene term wat gewoonlik losweg gebruik word om na billike indiensneming in die werkplek en swart ekonomiese bemagtiging te verwys. Die terme word ook dikwels met mekaar verwar en afwisselend gebruik. Vir die doeleindes van hierdie artikel sal ons net kyk na regstellende aksie in die werkplek, soos ingestel kragtens Hoofstuk 3 van die Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 ("die Wet").

Die Wet maak voorsiening vir die breë indeling van die werkers in die kategorie "aangewese groep" en "nie-aangewese groep". Die aangewese groep word doodluiters in die wet gedefinieer as swart mense (wat weer gedefinieer word as Afrikane, bruines en Indiërs); vroue; en mense met liggaamlike gestremde hede. Die nie-aangewese groep is so te sê uitsluitlik wit mense.

Teikens eerder as kwotas

Die benadering wat in die Wet gevolg word, behels dat daar nie uitdruklik kwotas gestel word met betrekking tot die samestelling van 'n werkerskorps in 'n onderneming nie. Daar word egter van ondernemings verwag om teikens te stel en dit te vervat in skriftelike planne, bekend as Gelyke Indiensnemingsplanne. Elke onderneming moet 'n Gelyke Indiensnemingsplan voorberei en dit

binne die voorgeskrewe tydperke by die Departement van Arbeid indien. Indien 'n onderneming nalaat om 'n Gelyke Indiensnemingsplan en voorgeskrewe vorderingsverslae in te dien, is reuse boetes of selfs tronkstraf die onderneming se voorland.

Die Gelyke Indiensnemingsplan moet dan as bloudruk dien van hoe die onderneming se samestelling mettertyd die breë ekonomies aktiewe bevolking gaan weerspieël.

Tans lyk die rassasamestelling van die ekonomies-aktiewe bevolking soos volg:

Ekonomies-aktiewe bevolking, 2004

Swart	72.7%
Asiër	3.1%
Bruin	10.5%
Wit	13.5%

Dit is egter juis met laasgenoemde benadering dat daar in die praktyk ernstige probleme ontwikkel. Die implikasie is dat die uiteindelijke toets wat gestel word, is dat die geheel van die ekonomies-aktiewe bevolking uiteindelik in elke posvlak van 'n onderneming of instelling weerspieël moet word.

Die toets vir gelykheid is nie meer of daar gelyke speelveld vir almal in die werkplek bestaan nie, maar of



die werkplek 'n spieëlbeeld van die totale gemeenskap is. Dit is dus nie, volgens dié benadering, voldoende dat almal in die wedloop gelyk wegspring nie, maar eerder dat almal gelyk by die wenpaal aankom.

Sommiges méér gelyk (swart) as ander

Die benadering dat elke werkplek 'n presiese weerspieëling van die totale gemeenskap moet wees, is 'n benadering wat dikwels tot absurditeite lei. 'n Tipiese voorbeeld is die volgende: Eskom moes onlangs 'n ingenieur bevorder tot 'n bestuurspos. Daar was twee kandidate wat aansoek gedoen het. Die een kandidaat is bruin, gegradueer en het meer as tien jaar ondervinding in die toepaslike veld. Die ander kandidaat is swart, ook gegradueer, maar het byna geen ondervinding in die toepaslike veld nie. Ten spyte van die swart kandidaat se gebrekkige ondervinding in die betrokke veld, word

	Werklike getal amptenare	Werklike %	Vereiste % (ekonomies aktiewe bevolking)	Vereiste getal	Oorskryding/ (Tekort)
Swartmense	661,547	76.6%	72.7%	627,335	34,212
Asiërs	25,332	2.9%	3.1%	26,750	(1,418)
Bruinmense	80,022	9.3%	10.5%	90,605	(10,583)
Witmense	96,009	11.1%	13.5%	116,492	(20,483)
TOTAAL	862,910	100%	100%	862,910	

hy eerder as die bruin kandidaat bevorder, omdat die betrokke afdeling se agterstand met betrekking tot die hoeveelheid swart mense benodig, groter is as die agterstand met betrekking tot die hoeveelheid bruin mense wat nodig is. Die oogmerk is dus nie meer om persone wat voorheen benadeel was, te beskerm en te ontwikkel nie (want albei was voorheen benadeel), maar om die onderneming swarter te maak.

Dit is interessant dat daar waar die beleid van regstellende aksie tot sy volle konsekwensie deurgevoer is, interessante nuwe ongelykhede ontstaan. (Sien asb die tabel hierbo - red.) Die staatsdiens is vandag reeds 76,6% swart, terwyl die ekonomies-aktiewe bevolking 72,7% swart is. Daarteenoor is daar slegs 11,1% witmense en 9,3% bruinmense in die staatsdiens.

Dit beteken dat daar meer as 20 000 “te min” witmense en meer as 10 000

“te min” bruinmense in die staatsdiens is. Tans regverdig die regering hierdie onderverteening van minderheidsgroepe in die staatsdiens met die argument dat witmense oorverteening is in die topposte van die staatsdiens. Die “oorverteening” is inderwaarheid 40%. Die wrede realiteit van hierdie benadering is dat die “oorverteening” witmense in die top 5% van staatsdiensposte effektief steeds gebruik word as regverdiging vir die feit dat meer as 30 000 wit en bruin werkers as ‘t ware uitgehou word uit die onderste 95% van staatsdiensposte.

Die pad vorentoe

Die vakbond Solidariteit het onlangs ‘n konsep Goeie Praktykskode bekend gemaak waardeur hulle poog om ‘n bedeling te help skep wat ‘n meer buigbare toepassing van regstellende aksie moontlik maak.

Die VF Plus beywer hom weer reeds die afgelope 5 jaar vir die uitfasering van regstellende aksie in soverre dit jongmense raak, veral jongmense wat ná 2 Februarie 1990 vir die eerste maal skool toe is. Onlangs is ‘n afvaardiging van jong Afrikaanse studente wat ‘n soortgelyke voorstel aan die portefeuljekomitee oor arbeid gemaak het, baie goed ontvang en met belangstelling deur die komitee aangehoor.

Verder het die bekende oud-Robbeneiland-aangehorene, dr Neville Alexander, onlangs in ‘n referaat aangedui dat hy ‘n vorm van regstellende aksie sal steun wat eerder arm mense help as om by uitstek rassebaseer te wees.

Al bogenoemde onlangse verwikkelings gee hoop en open nuwe moontlikhede. Die debat oor die toekoms van regstellende aksie in Suid-Afrika is egter nog lank nie afgehandel nie. ❧

Temas wat in die volgende maande in *KOMPAS* bespreek gaan word:



Augustus 2006: Leef vanuit vergiffenis
September 2006: Heilige Gees
Oktober 2006: Seksualiteit
November 2006: Kerkhervorming
Desember 2006/
Januarie 2007: Feminisme

Kinderarbeid in die 19^e eeu

Tjeerd de Wit

TEMA: ARBEID

Is kinderarbeid iets uit 'n verre verlede? Die Landbouweekblad van 6 Februarie 2004 berig:

In 'n opname wat in 1999 gesamentlik deur die Departement van Arbeid, die Internasionale Arbeidsorganisasie en Statistiek SA gedoen is, is onder meer bevind dat daar in bestaansboerderye (in die RSA) sowat 550 000 kinders is wat ekonomiese aktiwiteite verrig vir ten minste 3 uur per week.

Nog geen verlede tyd dus. Maar ons wil in hierdie artikel fokus op hoe en waar kinderarbeid ontstaan het.

Wat is kinderarbeid?

Die term "kinderarbeid" verwys in die algemeen na kinders wat werk om goedere te produseer of om dienste te lewer, wat verkoop kan word vir geld, of hulle nou betaal word daarvoor of nie. Die ouderdom waarop iemand nie meer 'n kind is nie, verskil van land tot land asook van tyd tot tyd.

Nie alle kinderarbeid is sleg nie. In

afgelepe eeue (sê maar voor 1800) het kinders gewoonlik indiensopleiding gekry in 'n sekere ambag, sodat hulle, as volwassenes, op hul eie kon aangaan. Ook arbeid van kinders om en in die huis en op plase (byvoorbeeld in oestyd) is in die algemeen nie as skadelik beskou nie en word nog steeds as normaal en aanvaarbaar beskou. Wie sou wil beweër dat skottelgoed was, tuinwerk of koerante aflewer, sleg is vir 'n kind? Maar in vergange eeue was hierdie en baie ander arbeid gewoonlik ook bitter noodsaaklik weens die algemene armoede wat geheers het, ook in Wes-Europa. Dit kan gestel word dat kinderarbeid as aanvaarbaar geag is deur die gemeenskap in die tyd voor die opkoms van die Industriële Rewolusie.

Die 19^e eeu


Kinderarbeid is dus as algemeen aanvaarbaar geag 'n paar eeue en meer gelede. Maar ook toe was daar natuurlik uitbuiters, en die eerste arbeidswet in Engeland is uitgevaardig nog voordat die fabriek opgekom

het, en wel om skoorsteenveertjies te beskerm. Ook skoorsteen vee was 'n ambag en dus was daar ook indiensopleiding vir hulle. 'n Wet van 1788 verbeter die lot van die "climbing boys". Hierdie sg. "klimseuns" moes in opdrag van hul base in skoorstene afklim om die roet uit te krap. Maar dit was nog maar die begin. Aan die einde van de 18^e eeu en gedurende die 19^e eeu beleef Europa sy Industriële Rewolusie. Die stoommasjien word uitgevind en die produksieprosesse verskuif van die huise na die fabriek. Hierdie Rewolusie begin in Engeland en dis dan ook hier waar die slegte vorm van kinderarbeid die eerste kop uitsteek.

Kinderarbeid in familieverband was normaal en aanvaarbaar, en as gevolg hiervan is dit ook maklik as normaal ervaar dat kinders in fabriek gaan werk het. Leerplig was nog nie daar nie en armoede was baie algemeen, dan is dit mos logies dat kinders uithelp sodra hulle kan.

Die eerste tekstiel fabriek word in 1769 in Engeland gebou en kinders word gehuur as die belangrikste werkers. Dis in hierdie konteks dat die betekenis van kinderarbeid begin verander. EP Thompson (in "The Making of the English Working Class") beskryf hierdie fabriek as "places of sexual license, foul language, cruelty, violent accidents, and alien manners". Lang werksure was eeue lank normaal gewees, maar met die opkoms van fabriek het ook die besondere streng dissipline opgekom, asook streng strawwe, ongesonde werksomstandighede, lae lone, inperking van vryheid, waardigheid en kreatiwiteit. En die groot aantal kinders wat daar gewerk het, was blootgestel aan al hierdie dinge. Tot 90% van die werkers in sommige van hierdie fabriek was kinders.

Die eerste Fabriekswet word in Engeland in 1802 uitgevaardig, maar dit kon nog nie baie verander aan die lot van kinders (en ook grootmense) nie, wat in hierdie "dark satanic places", soos iemand dit genoem het, gewerk het. En so kon dit gebeur



Spotprent oor die uitbuiting van kinders deur 'n fabrieksbaas. Die groot mond van die industrie verslind die kinders.



DE PATROON: Ik lees daar in de krant, dat jullie zooveel jute-vezels in de longen krijgt. Dat moet uit zijn. Denk julle dat de jute mij op den rug groeit?

Nog 'n spotprent. "Ek lees in die koerant dat julle baie jutevesels in jul longe kry. Dit moet klaarkry. Dink julle dat jute op my rug groei?"


dat kinders vanaf hul vyfde jaar tot 12 ure per dag moes werk.

Soos te verwagte, het daar 'n debat ontstaan oor die toelaatbaarheid van hierdie tipe kinderarbeid. Die sosialiste was natuurlik teen hierdie uitbuiting van kinders deur fabrieksbase gekant, en die liberale het dit in naam van vryheid goedgekeur, want die industrie sou self wel kon bepaal wat nodig was. Intussen het die arm mense hul kinders maar laat werk, want armoede breek wette, sou 'n mens kon sê.

Ook in Nederland en ander lande het dieselfde patroon ontstaan, alhoewel 'n bietjie later as in Engeland. 'n Seun van 8 jaar moes omtrent 12 ure per dag werk vir 10 sent. In 1860 werk 'n halfmiljoen kinders in Nederlandse fabriek. Hulle het slegte kos gekry en higiëne is nie belangrik geag nie. Dis ironies dat Europa op die dieptepunt van hierdie toestande die wêreld ingetrek het om die "beskawing" in hul kolonies bekend te stel.

Maar algaande het daar meer weerstand teen hierdie wanpraktyke gegroei. So kom daar stadigaan wette wat kinderarbeid probeer reguleer het. Soos in Engeland die "Cotton Factories Regulation Act" van 1819 (wat die minimum leeftyd om te werk

op 9 jaar stel en maksimum 12 ure per dag), die "Regulation of Child Labor Law" van 1833 (wat betaalde inspekteurs daargestel het om te sien of die wette nagekom word) en die "Ten Hours Bill of 1847" (wat werksure tot 10 ure per dag beperk vir kinders en vroue).



Samuel van Houten

In Nederland kom dinge stadiger op gang, sowel die industrialisasie asook die wette wat kinderarbeid aan bande lê. Eers in 1874 kom die eerste wet in hierdie verband, die "Kinderwetje" van Van Houten.

Hierdie wet verbied werk in fabriek deur kinders onder 12 jaar. Werk in die huishouding of op die lande was wel toegestaan. En in 1882 kom die "Arbeidsinspeksie-wet" (dus amper 50 jaar later as in Engeland), en in 1900 kom die leerpligwet, wat kinders verplig om tot hul 12de jaar skool toe te gaan.

Dis interessant om op te merk dat die Christen-politikus en kamerlid Abraham Kuyper teen hierdie "wetje" van Van Houten gestem het. Hy was geen voorstander van kinderarbeid nie, maar het gemeen dat die owerheid nie oor die bedryfslewe mog heers nie, want dit sou sosialisme in die hand werk. (Hy het hom dus eintlik soos 'n liberaal opgestel in hierdie saak). Maar dit het meerdere kere in die geskiedenis gebeur dat die nie-Christene die Christene voor was om reg en verkeerd in die samelewing te onderskei en aan te spreek. Nogmaals, Kuyper was nie 'n voorstander van kinderarbeid nie, maar het tog 'n kans laat verbygaan as gevolg van sy sterk sistematiese denke.

Kinderregte?

Die Verenigde Nasies het kinderregte soos volg gedefinieer:

Volgens [Artikel 31](#) het kinders reg op rus en vrye tyd, die reg om met spel besig te wees en deel te neem aan ontspanning, kulturele en kunsinnige aktiwiteite. [Artikel 32](#) bepaal dat kinders reg het op beskerming teen ekonomiese uitbuiting en werk wat onveilig is, in stryd kom met skoling of wat hul gesondheid of hul liggaamlike, verstandelike, geestelike, morele en sosiale ontwikkeling skaad.

As Christene hou ons nie juis baie van regte nie, maar sou liever wil sien dat dit elke ouer se plig is om die kind geleentheid te gee om te ontwikkel, en nie alleen soos in bostaande regte verwoord nie, maar eerder as diensbare instrumente in die hand van die Skepper. As ons die Bybelse doel met die mens voor oë hou, kan ons nie anders nie as om kinderarbeid in die slegte sin van die woord te ontmoedig en teen te staan.

Kinderarbeid iets van die verlede?

Kinderarbeid en ekonomiese misbruik van kinders word baiekeer verbind met slegte toestande lank gelede. Maar niks is verder van die waarheid nie. Vandag, in 2006, werk daar wêreldwyd nog steeds meer as 200 miljoen kinders, hoofsaaklik in die industrie, landbou, weermag en prostitusie.

In Asië werk 1 uit 14 kinders.
 In Afrika werk 1 uit 3 kinders.
 In Suid-Amerika werk 1 uit 6 kinders.
 Selfs in armer dele van Europa werk daar nog honderdduisende kinders.
 Meer as 300 000 kinders jonger as 18 jaar word gebruik in oorloë in 30 lande. (Soos byvoorbeeld beskryf in die ontstellende boek “Allah n’est pas obligé” van Ahmadou Kourouma en vertaal in Nederlands as “Allah is niet verplicht”).

Meegaande tabel kom uit die boek: **“Child labour: a textbook for university students”** en wys die aantal kinders wat werk per area:

Dis maklik om al hierdie moderne kinderarbeid te veroordeel, maar in baie gevalle is dit ook maar om dieselfde redes as 100 en meer jaar

Region	Number of Children (Miljoene)	Work ratio (%)
Developed Economies (Die Weste)	2.5	2
Transition Economies (2 ^e Wêreld)	2.4	4
Asia and Pacific	127.3	19
Latin America and Caribbean	17.4	16
Sub-Sahara Africa	48	29
Middle East and North Africa	13.4	15
Total	211	18

terug in Europa, naamlik armoede. Die Weste het grotendeels ontsnap aan hierdie wantoestande en wel deur die stygende welvaart (ironies genoeg ook as gevolg van die Industriële Rewolusie) en die insig dat ongebreidelde ondernemingsvryheid lei tot uitbuiting.

Die aantal kinders in die Derde Wêreld wat deesdae werk, is baie groter as wat dit ooit in die Weste was. Hoe gaan die Derde Wêreld ontsnap aan hierdie wantoestande?
 ☐

STAKINGS

Nico Breyl

TEMA: ARBEID

Die burgerlike owerheid word bespreek in artikel 36 van die NGB en hiervolgens glo ons dat God, vanweë die verdorwenheid van die mens, konings, vorste en owerhede oor ons aangestel het, sodat die wêreld deur middel van wette en regerings regeer moet word. Losbandigheid van mense moet sodoende in bedwang gehou kan word, sodat alles onder die mense ordelik kan verloop. Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf (Rom 13:4) en die deugsames te beskerm. Die artikel lê ook aan die staat die taak op om die heilige Woordbediening te beskerm en om die koninkryk van Jesus Christus te bevorder... (iets wat natuurlik nie gesê kan word van ons huidige regering nie).

Betekén dit dat ons onderdanig moet wees aan ons heidense regering? Art. 36 gaan verder deur te sê dat elkeen verplig is om hom aan die

owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles (en die volgende is belangrik) wat nie met die Woord van God in stryd is nie. Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgezag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot.

Die stakings van Cosatu die afgelope tyd is nog steeds vars in ons geheue en dit is duidelik dat die staking met geweld gepaard gegaan het. Sowel art. 36 van die NGB as die gesag van ons land se regering veroordeel enige geweld teen sy onderdane of teen die owerheid.

Die grondwet van Suid-Afrika, Wet 200 van 1996, is die hoogste gesag in die Republiek en die owerheid sowel as die onderdane is hieraan onderworpe. Bepalings vervat in dié Wet kan slegs verander word indien ‘n

twee derde meerderheidstem in die Nasionale Vergadering verkry word, en in die geval van verskansde bepalinge vervat veral in die Handves van Menseregte, ‘n meerderheidstem van 75%. Die handves van mense-regte reël die verhouding tussen owerheid en onderdaan (vertikale verhouding) en onderdane onderling (horisontale verhouding). Die verhouding tussen die owerheid en onderdaan is veral van belang, aangesien daar spesifiek klem gelê word op die individu se regte as onderdaan van die staat en hoe dié regte beskerm word.

Elke mens het die reg om in ‘n oop demokratiese bedeling te leef in menswaardigheid, gelykheid en vryheid en sonder die vrees dat die owerheid (en enige organisasie, groep of individu) teen hom/haar mag diskrimineer op grond van ras, geslagtelikheid of **godsdienst**.

Dit kom ook duidelik na vore in ons Grondwet dat elke persoon die reg het om te staak:

Art. 23(2) van die Handves van Menseregte wat handel oor arbeidsverhoudinge bepaal die volgende:

“Elke werker het die reg om -

- a) ‘n vakbond te stig en daarby aan te sluit;
- b) aan die bedrywighede en programme van ‘n vakbond deel te neem;
- c) te staak.

Wetgewing kan egter hierdie bepalings beperk in soverre dit ooreenkom met die bepalings soos vervat in art 36(1) (**die beperkingsklousule**):

“Die regte in die Handves van Menseregte kan slegs kragtens ‘n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in ‘n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore.”

Art 17 gee aan elkeen die reg om vreedsaam en ongewapen te vergader, te betoog, ‘n betooglinie te vorm en petisies voor te lê. Behalwe vir die Grondwet, is daar ‘n spesifieke Wet wat stakings en uitsluitings reël, nl. aa 64 – 77 van die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995:

STAKINGS EN UITSLUITINGS (aa 64 – 77)

1) Elke werknemer het die reg om te staak en elke werkgever kan uitsluiting aanwend -

- a) indien die vraagstuk in geskil na ‘n raad of na die Kommissie verwys is soos in hierdie Wet vereis, en-
 - i) ‘n sertifikaat uitgereik is wat vermeld dat die geskil onbesleg bly; of-
 - ii) ‘n tydperk van 30 dae, of enige verlenging van daardie tydperk waarop die partye in die geskil ooreengekom het, verstryk het sedert die verwysing deur die raad of die Kommissie ontvang is; en daarna-
- b) in die geval van ‘n beoogde staking, skriftelike kennisgewing van minstens 48 uur voor die



aanvang van die staking aan die werkgever gegee is, tensy-

- i) die vraagstuk in geskil betrekking het op ‘n kollektiewe ooreenkoms wat in ‘n raad gesluit moet word, in welke geval kennis aan daardie raad gegee moes gewees het; of
 - ii) die werkgever ‘n lid is van ‘n werkgewersorganisasie wat ‘n party is by die geskil, in welke geval kennis aan daardie werkgewersorganisasies gegee moes gewees het; of
- c) in die geval van ‘n beoogde uitsluiting, skriftelike kennisgewing van minstens 48 uur voor die aanvang van die uitsluiting gegee is aan enige vakbond wat ‘n party by die geskil is, of indien daar nie so ‘n vakbond is nie, aan die werknemers, tensy die vraagstuk in geskil betrekking het op ‘n kollektiewe ooreenkoms wat in ‘n raad gesluit moet word, in welke geval kennis aan daardie raad gegee moes gewees het; of
- d) in die geval van ‘n beoogde staking of uitsluiting waar die Staat die werkgever is, skriftelike kennisgewing van minstens 7 dae voor die aanvang van die staking of uitsluiting gegee is aan die partye beoog in paragrafe b) en c).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat, indien die regte prosedures en reëls gevolg word, dit nie die gesag van

ons owerheid ondermyn om te staak nie. Beteken die feit dat ons volgens die wil van die owerheid wat God oor ons aangestel het, handel en dus regmatig optree, ook dat ons volgens die wil van God se Woord optree? Is dit reg of verkeerd om te staak? Alhoewel daar nêrens in die Bybel spesifiek geskryf word oor stakings nie, word daar wel melding gemaak van woorde soos rebellering, rewolusies en protes, wat min of meer op dieselfde neerkom, nl. dat mense in opstand kom teen iemand as gevolg van die feit dat hulle voel dat hulle benadeel word. Een so ‘n voorbeeld verskyn in Numeri 20:2 - “En daar was geen water vir die vergadering nie. Toe het hulle teen Moses en Aäron saamgekom. En die volk het met Moses getwis ...” Die Here het aan Moses en Aäron opdrag gegee om met die rots te spreek sodat sy volk water kan hê, en Hy daardeur verheerlik kan word. Hier blyk dit dat die kinders van Israel in opstand gekom het en God hulle nie bestraf het nie, maar hulle eerder tegemoet gekom het.

Beteken dit dan nou dat God ons optrede sal goedkeur as ons staak? Ek dink wat Hy hierdeur wil aandui, is dat die kinders van Israel in afhanklikheid van Hom gelewe het nadat Hy hulle uit Egipte verlos het. Soveel te meer moet elkeen van ons in afhanklikheid van God lewe. God sorg vir sy kinders, ook deur die regerings wat Hy oor ons aangestel het. Ons kan op Hom vertrou dat Hy vir ons sal sorg, soos wat Hy ook sorg vir al die blomme in die veld en vir al die diere. ✕

Die missionêre kerk (5): - Op Christus gerig!

Ds. Pieter Boon

RONDOM DIE KERK


In hierdie reeks skenk ek aandag aan die missionêre karakter van die kerk van Christus. In hierdie laaste artikel bespreek ons etiese vrae wat betref toetreders met 'n sekulêre agtergrond.

Middelpuntsoekende versameling

“Gasvryheid hou nie in dat ons mense wil verander nie, maar dit beteken dat ons ander mense die ruimte bied waarin verandering plaasvind.” (H Nouwen) Die kerntaak van die kerk ten opsigte van toetreders is om hulle in kontak met Christus te bring. Maar watter etiese vereistes moet daar dan gestel word? Kyk ons na die Nuwe Testamentiese kerk, sien ons dat daar streng etiese eise aan die leiers van die kerk gestel word. Implisiet het dit 'n uitstraling gehad na die res van die gemeente, sodat almal hierna sal streef. In die lig hiervan kan ons sê dat die kerk ener syds die hoë etiese norm van die Bybel moet proklameer. Andersyds moet die kerk mildelik en geduldig omgaan met toetreders wat (nog) nie volledig Bybels dink en lewe nie. Vir baie kerke is dit moeilik. Óf kerke benadruk die genade in so 'n mate dat hulle inboet aan waarheidsgehalte. Hulle is dan nie meer liefdevol nie, maar “lief”. Óf kerke lê soveel nadruk op die bewaring van die waarheid dat hulle ongenadig is na die swakkes toe. Jesus was egter vol van genade én waarheid.

In hierdie verband is dit goed om aandag te skenk aan die vraag: hoe lyk die grens tussen kerk en wêreld? Vir menige kerkraad is dit 'n saak van voortdurende hoofbrekens. Wanneer moet iemand wat wêreldse lewe, uitgesluit word? Of aan die ander kant, wanneer kan belangstellendes toegelaat word? Gereformeerde kerke is gou vatbaar vir 'n donatistiese

neiging om die kerk as 'n geslote versameling te sien. Jy is óf binne óf buite. Jy is óf gelowig óf ongelowig.



Tog doen dié benadering nie reg aan die werklikheid nie, en ook nie aan wat die Bybel ons voorhou nie. Dink maar aan hoe die Nederlandse Geloofsbelydens in artikel 29 die Bybelse boodskap weergee deur te wys op huigelaars en swakkes wat ook deel vorm van die ware kerk. Ons kan die kerk daarom, in plaas van 'n geslote versameling, eerder beskryf as 'n middelpuntsoekende versameling.



Die kerkvergaderende werk van Christus is 'n dinamiese gebeurde. Daar is mense wat van buite af na Christus toe beweeg (die swakkes byvoorbeeld). Maar daar is ook mense wat van binne uit buitentoe beweeg (die huigelaars byvoorbeeld). Die kerk staan dus midde-in die wêreld, en in hierdie bedeling kan die koring en die kaf nie hermeties van mekaar geskei word nie. Dit is 'n illusie om te dink dat deur streng toelatingsprosesse en die toepassing van die tug die kwaad hermeties uit die gemeente geban kan word.

Mense kan hulle teen God verskans agter 'n indrukwekkende kerklike en fatsoenlike masker.

'n Hoë etiese norm

Die kerk bevind haarself te midde van 'n afvallige wêreld. Indien sy haar identiteit wil bewaar, sal sy die etiese norm volstrek suiwer stel, ook al moet sy daarvoor die prys betaal van skande en vervolging. Sy moet hierdie visie uitleef op 'n geloofwaardige manier, met haar ampsdraers as identifikasiefigure voorop. Sy mag duidelik maak dat om te glo nie 'n keuse is vir 'n maklike lewe nie. Dit beteken om jou kruis te dra. Hierdeur ontmasker die kerk die afgode van haar tyd. Dit moet sy doen vanuit die liefdesgebod. Wat dit betref hoef die kerk aan buitestaanders sake nie rooskleuriger voor te stel as wat dit is nie.

Die belang van duidelikheid

Om 'n voorbeeld te noem: dit is duidelik dat 'n kerk wat vashou aan die Bybelse lyn insake homoseksuele verhoudings of saamwoon voor die huwelik, haarself kultureel in hoë mate onderskei van die samelewing. Wanneer die kerk oop wil staan vir nie-kerklikes, is die verleiding groot om water by die wyn te voeg. Die kulturele druk is hoog op hierdie punt. Baie kerke kies dan ook vir aanpassing. Hulle laat die norm van die Woord los en kies daarvoor om toegeeflik te wees. Dit is egter die vraag of dit enige sin het, want 'n kerk wat die absolute norm van die Skrif laat vaar, doen in feite niks anders nie as om maar net met die laaste kulturele wind saam te waai, al is dit altyd agteraan. Wat het die kerk dan nog aan iemand te bied wat uit die wêreld kom? As 'n kerk niks meer te bied het as net 'n sakrale stempel op 'n sekulêre lewenswyse nie, kan sy haarself eerder die moeite spaar. Dan word die sonde geregverdig, en nie die sondaar nie.

Inwyding in die gemeenskap van die koninkryk

Dit is belangrik om te besef dat die etiek van die gemeente nie net gerig is op eie heiliging nie, maar ook op die

heiliging en redding van ander. In die kerk ontvang sondaars die ruimte om te groei in kennis en heiligheid. Beginnende Christene het juis gevorderde Christene nodig. Deur hulle Bybelse lewenstyl trek hulle die swakkes in die regte rigting. Die doel van “morele instruksie” is hierby nie om toetreders se gedrag te assimileer sodat hulle nie meer opval in die gemeente nie. Die doel is om mense dieper te wortel in Christus self. ’n Christelike lewe beteken nie dat ons so heilig word dat ons ten slotte op eie bene kan staan nie, maar dat ons steeds meer “in Christus” is. Die heel belangrikste by die etiese vorming van toetreders is daarom dat hulle hartlik opgeneem word in die gemeenskap van die kerk, ook al stem hulle lewenstyl nog nie in alle opsigte ooreen met die “kerklike gemiddelde” nie. Laat ons in ons gedagtes nie uitgaan van ’n geslote versameling nie (wie aan die kenmerke voldoen, hoort by die groep). Maar laat ons veral gerig wees op Christus, en daarom ander mense se lewe beoordeel in hierdie lig: beweeg iemand in die rigting van Christus, om steeds meer “in Christus” te wees? Of beweeg iemand van Hom af weg? Dit is logies dat hierdie benadering gradasies tussen kerklede sal aanbring. Die een is al nader aan Christus as die ander. En soos die Bybel ons leer: hoe nader aan Christus, hoe nederiger. Wie al soveel van Christus ontvang het, sal net meer oog daarvoor hê om in liefdevolle sorg die swakkes ook na Christus toe te trek.

Voorbeelde

Ek sal probeer om hierdie Bybelse denkwyn meer konkreet te maak met ’n voorbeeld.

’n Homoseksuele man kom deur middel van sy bure in aanraking met een van “ons” gemeentes. Hy ontwikkel ’n sterk belangstelling in die prediking en in die gemeente. Dit word al hoe duideliker dat hy nie sal omgee om lidmaat te wees nie. Hy woon egter saam met ’n vriend. Hoe sal die gemeente in so ’n “geval” te werk moet gaan? Die Bybelse denk-

lyn soos hierbo geskets, kan ons op die volgende wys: Die gemeente sal in die eerste plek sy mening oor ’n homoseksuele lewenstyl nie moet wegsteek nie, maar openlik aan die persoon kenbaar maak. Die gemeente sal veral ook moet uitlê waarom dit haar mening is, op grond van die Skrif self. Om homoseksualiteit te praktiseer gaan teen God se Woord in. Vervolgens sal die gemeente die betrokke persoon die tyd moet gun om te aanvaar wat die wil van die Here is. In hierdie proses is dit onmisbaar dat die persoon reëlmatige blootstelling aan die prediking van die Evangelie kry. ’n Moontlikheid is om so ’n persoon byvoorbeeld deur middel van ’n gaslidmaatskap ’n welkome plek binne die gemeente te gee. Die toekoms sal uitwys of die persoon voortgaan om na Christus te groei in leer én lewe, of dat daar verharding optree.

Kom ek noem nog ’n voorbeeld. Daar is ’n man en ’n vrou wat ongetroud saamwoon en geen kerklike agtergrond het nie. Hulle woon reëlmatig die eredienste by (of dit op die sendingsveld gebeur of in ’n gevestigde gemeente maak geen verskil nie). Na ’n rukkie vra hulle ’n gesprek aan met die kerkleiding en versoek of hulle dalk lid mag word. Ook in hierdie geval sal die kerk daarvoor moet waak om nie die boodskap uit te straal dat hul aanwesigheid in die kerk as ’n verleentheid ervaar word nie. Elke sondaar is hartlik welkom! Christus het baie tyd vir sondaars gemaak! Ook aan hulle sal tyd gegun moet word om te groei na die vrywillige aanvaarding van Christus se oproep om in die huwelik te tree. Om hulle te dwing om so gou as moontlik aan die groepsnorme te voldoen, sal op lang termyn die teenoorgestelde effek hê. Sulke mense sal tot die ontnugtering kom dat die gemeente net ’n skyn probeer voorhou, terwyl ander sondes al te maklik geduld word.

Met opset het ek hierdie voorbeelde geneem. Ons is so gou geneig om dubbele standaarde te handhaaf. Sondes soos familietwiste, alkohol-

verslawing of gierigheid word geduld onder gevestigde kerklede, terwyl dit in God se oë net so erg is as bogenoemde sondes. Vir alle sondes en sondaars geld dat hulle lewens geskaaf en gereformeer moet word deur die prediking van die Evangelie. Christus is geduldig. So lank ’n mens leef, is dit genadetyd. Maar as iemand sy sonde begin verdedig, maak nie saak of dit ’n gevestigde kerkmens of ’n toetreders is nie, as hy sy sonde begin goedpraat of relativeer, hom onbereikbaar maak vir vermaning en lering, dan is dit ’n ander saak. Dan tree daar verharding op. Dan beweeg iemand weg van Christus af.

In hierdie opsig is dit interessant om kennis te neem hoe Luther en Calvyn in hulle dae oor poligamie (wat toe nog in die Europese kultuur voorgekom het) geoordeel het. Hulle mening was dat ’n skielike verbreking van ’n poligame huwelik baie verdriet en onregverdigheid sou meebring. Daarom was Calvyn bereid om ’n “poligamis” met sy vroue te doop en hulle met verloop van tyd van die onregmatigheid van die saak te oortuig. Vir die leiers van die kerk het Calvyn egter die monogame staat voorgeskryf, in lyn met Paulus se aanwysing vir Timotheüs. Deesdae het die neiging van mense om ongetroud saam te woon, ook ’n kulture agtergrond. In ’n hoogs individualistiese samelewing is mense bang om hulself te bind, of hulle kom miskien self uit ’n gebroke huwelik, met alle gevolge wat daarmee saamgaan. Dit gaan dus oor meer as om mense net te druk om so gou as moontlik te trou. Hulle moet ook totaal anders begin dink. Dit is deur die wonder van die verkondiging van die Evangelie en die gemeenskap van die heiliges dat hulle sal leer vertrou, en dat hulle sal leer om sonder angs hulself aan mekaar te bind.

Tot slot

Die titel van hierdie reeks artikels was: die missionêre kerk. Dit het inmiddels duidelik geword dat, indien ons ’n missionêre kerk wil wees, dit gewortel sal moet wees in elke aspek van die gemeentelewe.

Negrologie – waarom Afrika vergaan

Tjeerd de Wit

BOEKBESPREKING

Europa het in puin gelê na die 2de wêreldoorlog, maar het in materiële opsig spoedig weer herstel. “Hoekom sou dit op ander kontinente nie moontlik wees nie?” Dis wat Aad van den Heuvel homself afvra in ‘n boek wat hy onlangs geskryf het.

Ons praat hier nou nie verder oor Van den Heuvel se boek nie, maar na aanleiding van sy vraag kan ‘n mens vra: Hoekom is byvoorbeeld Afrika so arm, hoekom kon Afrika nie herstel nie na wat ook al in die verlede gebeur het? Eendag praat ek hieroor met ‘n swart kollega by die werk en vra hom ook hierdie vraag. Sy antwoord was: “Colonialism”. Ek vra nog: “Is that all?” “Yes, that’s all”, was sy antwoord.

‘n Ander joernalis (Aidan Hartley), wat op die frontlinies van baie konflikte in Afrika was, het homself ook dieselfde vraag gevra en kom toe met: “Enige antwoord op hierdie vraag is korrek”.

Maar Stephen Smith, wat die boek *Negrologie - waarom Afrika vergaan* geskryf het, is baie oortuig dat sy antwoord op bogenoemde vraag korrek is. En sy antwoord lees ons al dadelik op bladsy 1 van die inleiding: “In ‘n groot mate omdat die kontinent selfmoord pleeg”. Maar selfmoord het ‘n rede. En die rede vir hierdie selfmoord is negrologie, volgens die skrywer. Maar wat is negrologie? sal ‘n mens vra. Een van die swak punte van die boek is dat hierdie term nêrens duidelik gedefinieer word nie. Maar om te verstaan waaroor dit gaan, volg hier ‘n paragraaf van die laaste bladsy van die boek:

“In Afrika is sake soos ontwikkeling, die staat, die plek wat die kontinent in die wêreld inneem, of selfs openbare gesondheid of nasionale onderwys, nie sake waaroor die meerderheid hulself bekommer nie. Dit is ‘n “saak van blankes”, soos daar dikwels in Franssprekende Afrika opgemerk word. Om op te som, dis eintlik net die logiese gevolg van ‘n historiese sinjaalfout wat die kontinent op ‘n sylyn

(vervolg vanaf bls 10)

Toetreders tot die kerk (of dit op die sendingsveld is of onder die gevestigde gemeentes) is ‘n geskenk van God. Toetreders ontvang die voorreg om baie van ervare kerklede te leer. Op sy beurt leer die ervare kerkmense (die werkers van die eerste uur) weer opnuut om uit genade te lewe sodra hulle in aanraking kom met toetreders (die werkers van die laaste uur).

N.a.v. S Paas: “De werkers van het laatste uur. De inwijding van nieuwkomers in het Christelijk geloof en in de Christelijke gemeente.” (Zoetermeer 2003)☞

laat beland het. In plaas daarvan dat Afrikane hulle bes probeer om die “planeet se base”, dit wil sê die kolonialiste van gister en vandag se meesters wat

globalisering voorstaan, in te haal, het hulle hulself in ‘n verlede wat herontdek en geïdealiseer is, afgesluit en opgegaan in die kluisenaarsmentaliteit van ‘n “swart bewussyn”. Solank as wat hierdie weiering om tot die modernisme toe te tree, voortduur en dit nie net as sogenaamde klandestiene passasiers of verbruikers wat op ander teer nie, sal die wonde weer oopgekrap word en sal die lem al dieper in die oop wonde van Afrika ingedruk word.”

Negrologie is dus, volgens Smith, die koestering van ‘n kultus van swart identiteit, of die verblyf as kluisenaar in ‘n verlede wat lankal tot die verlede moes behoort het. In plaas daarvan om hul vorige en huidige “base” in te haal, word die verlede gekoester, wat deur Westerse invloed afgebreek is. Eintlik ‘n koestering dus na die ontsporing van daardie identiteit as gevolg van Westerse invloede in die verlede en hede. Die Weste is dus iets verskuldig, want die oorsaak van die afbraak lê daar. Afrika is dus die slagoffer en voordeeltrekker. ‘n Slagoffer kan nie werk nie en ‘n voordeeltrekker hoef nie te werk nie.

Tussen die aanhaling oor selfmoord uit die inleiding en die lang aanhaling van die laaste bladsy lê die res van die boek, ‘n aaneenskakeling van feite oor Afrika wat die negrologie-siening moet bevestig.

Is die finale woord gespreek?

Het ons nou met hierdie boek ‘n finale antwoord noudat die skuldige aangewys is en opgeroep is om te verander, te word soos ons moderne westerlinge?

Ek dink hierdie antwoord is wel baie simplisties. Afrika is groot en daar is baie verskillende groepe, kulture, lande, ensovoorts. Baie gebeurtenisse wat aangehaal word, mislukkings, korrupsie, nepotisme, ensovoorts, is ware gebeurtenisse en Afrika is maar te vol van hulle. (Alhoewel ek eerder die boek “The State of Africa” van Martin Meredith sou aanbeveel om ‘n sistematiese oorsig daarvan te kry). Maar in die groter prentjie kan gevra word:

1. Is Afrikane tot minder in staat as Westerlinge, gesien al die bogenoemde gebeurtenisse? Die skrywer van hierdie boek glo nie so nie. Hulle moet net uit negrologie, die koestering van iets wat nie meer behoort te wees



nie, wil ontsnap. Hulle moes eintlik tegelyk met die Weste die pad van ontwikkeling gestap het.

2. Maar was die verloop van die geskiedenis dalk so dat Westerlinge bevoordeel is met 'n agtergrond van verchristeliking, wetenskap en verligting? As dit inderdaad die geval is, is 'n positiewe benadering tot ontwikkeling, gedryf deur Bybelse naasteliefde, dalk eerder nodig, in plaas van 'n oproep om soos ons – moderniste – te word en dit dan daarby te laat.

Maar hierdie laaste punt word nie deur die skrywer in berekening gebring nie. Hy konstateer wel op bl. 104 dat Afrika nie agter geraak het as gevolg van kolonialisme nie, maar eerder gekoloniseer kon word omdat dit onderontwikkeld was. Eintlik 'n bedekte beskuldiging dus, iets soos: julle moes jul ontwikkeling in die verlede in lyn gehou het met ons in die Weste, dan sou julle nie nou so misereabel daaraan toe wees nie. Maar wie bepaal die verloop van die geskiedenis?

En dan nog iets

Vra aan al die 600 miljoen of meer mense in Afrika of hulle hulself herken in negrologie, en die antwoord sal volgens my in 90% van die gevalle ontkenkend wees, as jy ten minste in staat was die begrip te verduidelik. Wat ook al die oorsaak van al die ellende in Afrika, elke mens is 'n mens op sy eie met sy eie bekommernisse en swaarkry, en meestal nie in staat om bo dit alles uit te styg nie. Ons moet nie die enkel persoon uit die oog verloor as gevolg van breë oordele nie, en hoe maklik gebeur dit met 'n "sweeping statement" soos dié?

Maar wat is dan wel die oorsaak van die armoede?

Ek is nie in staat om die antwoord op hierdie vraag te gee nie en is eerder geneig om met Hartley saam te stem dat enige antwoord op hierdie vraag korrek is. Die analise

van Stephen Smith bevat sekerlik elemente wat deel van die oorsaak is. Maar daar is so baie elemente. George Ayittey, 'n swart ekonoom van Ghana, noem ook twee redes, naamlik die Weste wat aanhou geld skenk en die Afrika-diktators wat groot persentasies daarvan oorplaas na privaat rekenings. Maar ten diepste is ons op soek na antwoorde op vrae oor die redes vir die verloop van die geskiedenis, oor die oorsaak van ingesteldheidsverskille tussen groepe mense, oor die hart van die mens self wat meesters is om die slegte te bedink, in die Weste sowel as in die res van die wêreld. Die een se ondergang is dalk die gevolg van vooruitgang gebaseer op modernisme, die ander se ondergang is die gevolg van stagnasie gebaseer op kulturisme (as Smith reg is), maar vir almal is daar uiteindelik maar een Weg waarlangs almal kan uitstyg bo oorfloed of gebrek.

Laaste opmerkings.

Soos u bemerk het, is ek nie baie onder die indruk van hierdie boek nie. Maar ons woon in Afrika en word baie met armoede gekonfronteer. Om dié rede is kennisname van hierdie werk tog van belang.

Nog 'n paar minder belangrike opmerkings oor die boek. Die algemene betoogtrant in die boek is nie baie sterk nie; te veel onbelangrike feite verdoesels soms die boodskap, terwyl sinne ook baie keer "onbeholpe" oorkom. Verder word Gam 'n seun van Abraham genoem (bl. 50). Ook staan die titel op die rugkant van die boek onderstebo, maar dalk het dit 'n dieper betekenis.

Negrologie – waarom Afrika vergaan deur Stephen Smith. Vertaal uit Frans deur Dan en Karin Roodt en Lydia van Eeden. 287 bls. **ISBN 0-9584635-9-X**

Uitgewer: PRAAG (Pro-Afrikaanse Aksie Groep)

Posbus 3103, Dainfern, 2055

www.praag.org ☐




FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031

Faks 012 329 5927



in die geding: die mens wat 'n streep wil trek deur die alleen, deur die geloof alleen, deur Christus alleen. Galasiërs trek egter 'n dik streep deur die mens se pogings om 'n bydrae tot sy eie saligheid te lewer. Daarteenoor onderstreep dit die evangelie van Jesus alleen. 142 bls, harde band. Die prys is R85 + posgeld.

Ander takke van Folmer Boekhandel:

GALASIËRS – Jesus Christus alleen deur dr Attie H Bogaards. 'n Teks-vir-tekse verklaring van die brief van Paulus aan die Galasiërs. Deur die eeue heen was die leerstuk van die regverdigmaking deur die geloof alleen die teiken van Satan se aanslag. Dit is ook juis in Galasiërs

Kaapstad
Folmer Boekhandel
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883


Pretoria
Rooiels Boekhandel
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
Môregloed
0186
Tel 012 – 333 8064



Die Judas- en Da Vinci-sameswerings

Hans Moes

SAMELEWING



Twee opmerklieke bekendstellings het die Christelike wêreld onlangs die skrik op die lyf geja. Die een is die Engelse vertaling van die “Ewangelie van Judas” deur die National Geographic Society van die VSA en die ander is die boek “Die Da Vinci Code” van die Amerikaner Dan Brown, wat nou ook verfilm is. Is dit toevallig dat hierdie twee publikasies juis nou die fundamente van die Christelike geloof laat ruk? Ds G van Rongen, emeritus-predikant van die Free Reformed Churches of Australia het in die FRC se kerkblad *Una Sancta* twee insiggewende artikels daaraan gewy (vol. 53, bls. 242-244 en 268-269). In die *Nederlands Dagblad* van 13 Mei 2006 het die hoofredakteur, PA Bergwerff, ’n redaksionele bydrae gelewer onder die titel “Da Vinci Code”, met dieselfde strekking as die artikels deur ds Van Rongen. Hier volg ’n persoonlike samevatting van hierdie artikels.

Die “ewangelie” van Judas

In die jare 1970 het mense ’n kodeks met drie ou handskrifte in Egipte gevind. Dit was “Die brief van Petrus aan Filippus”, “Die eerste openbaring aan Jakobus” en “Die ewangelie van Judas”. Hierdie handskrifte is verkoop op die Egiptiese Mark vir Oudhede. Uiteindelik het dit in 2000 die eiendom

geword van die Switser Mario Roberti, wat die historiese waarde daarvan besef het. Kort daarna is met behulp van die National Geographic Society met die vertaling van die handskrifte uit Kopties (’n ou Egiptiese taal) na Engels begin. Die voorlopige vertaling van “Die ewangelie van Judas” is in die week voor Pasa bekend gestel.

Volgens kundiges is “Die ewangelie van Judas” geskryf rondom die jaar 300 A.D. Dit wil egter voorkom of dit ’n Koptiese vertaling is van ’n Griekse handskrif uit die tyd net voor die jaar 180 A.D. Dit is belangrik om op hierdie datering te wys, omdat biskop Irenaeus van Lyon, Frankryk, wat geleef het van 140 tot 202 A.D., ’n dokument geskryf het onder die titel: “Teen ketterye”. Daar blyk ’n noue verband te wees tussen hierdie geskryf van Irenaeus en “Die ewangelie van Judas”.

Die hoofinhoud van “Die ewangelie van Judas” is dat Judas nie die verraaier van Jesus was nie, maar dat juis hy die intieme vriend van Jesus was. Hy het die noodsaak van die lyding en sterwe van Jesus beter verstaan as al die ander dissipels. Omdat Jesus moes sterf, het Jesus vir Judas gevra om Hom aan die owerpriesters en skrifgeleerdes te verrai. Judas moes Jesus help om gekruisig te word. Dus in plaas daarvan dat Judas ’n verraaier was, was hy ’n held. Hy het sy eie reputasie opgeoffer om Jesus te help met die uitvoering van die Goddelike heilsplan van verlossing van die mensheid. Daardeur het hy die onguns en veragting van die ander dissipels op hom gehaal.

Dat Christus aan die kruis gesterf het, was dus die resultaat van ’n ooreenkoms tussen Christus en Judas Iskariot. Jesus sê vir Judas: “Judas, jy sal die apostel word wat vervloek is deur al die ander. Jy sal hierdie menslike

liggaam wat My beklee, offer”. Judas het, deur Jesus aan die Sanhedrin uit te lewer, homself en sy goeie naam opgeoffer en is gebrandmerk as ’n verraaier. In werklikheid was Judas dus ’n held en goeie vriend van Jesus. Die “ewangelie” van Judas staan dus in regstreekse teenstelling met die ander vier ewangelies in ons Bybel. Die Christelike kerk het sy geloof dus blykbaar op ’n verskriklike misvatting gebou.

Gnostiek

Om die waarde van “Die ewangelie van Judas” goed te kan verstaan, moet ons ’n duidelike beeld kry van die tyd waarin hierdie geskryf ontstaan het. Soos reeds duidelik is uit ’n aantal briewe in die Nuwe Testament, het sommige bekeerde Grieke vasgehou aan elemente uit die heidense Griekse kultuur en religie. Hulle het vasgehou aan ’n skeiding tussen liggaam en siel of gees. Die liggaam is aards, dit vergaan en het geen blywende betekenis nie. Die werklike mens is sy siel of gees of verstand, wat onsterflik is, van goddelike oorsprong is en by sy dood bevry word uit die kerker van die liggaam. Die Griekse woord vir kennis en verstand is “gnosis” en die stroming wat hierdie leer propageer, word gnostiek genoem. Die gnostiek leer dat alle materiële dinge, insluitende die menslike liggaam, sleg is. In die liggaam skuil al die kwaad. Die menslike gees moet bevry word van hierdie liggaam en die mens moet tydens sy lewe al probeer afstand neem van sy liggaamlike bestaan.

Wanneer ons “Die ewangelie van Judas” lees, herken ons duidelik die leer van die gnostiek in hierdie geskryf. Jesus se siel moet deur sy kruisiging bevry word van sy aardse liggaam. Dit blyk o.a. uit Jesus se woorde aan Judas: “Jy sal hierdie menslike liggaam wat My beklee, offer”. As

Jesus se siel deur die kruisdood bevry is van sy liggaam, sal Hy kan opvaar na die hemelse sferes. Daar is dan ook geen weergawe van Jesus se liggaamlike opstanding in “Die evangelie van Judas” nie.

Irenaeus het in sy geskrif, saam met duidelike uitsprake in die Nuwe Testament, die leer van die gnostiek weerlê. Gevolglik kan ons stel dat “Die evangelie van Judas” ’n geskrif is wat die onbybelse leer van die gnostiek ondersteun. Saam met meer as twintig ander apokriewe evangelies, is dit ook ’n valse “evangelie”. Die vier kanonieke evangelies wat in die Nuwe Testament opgeneem is, gee die ware en betroubare evangelie van verlossing weer. Die menslike liggaam word, saam met die menslike siel, verlos by die wederkoms van Christus. Ons sal opstaan met ’n verheerlikte liggaam. Christus het, volgens die Skrif en ons belydenis, ook opgestaan met sy verheerlikte liggaam, het daarmee aan mense verskyn en sit nou aan God se regterhand. Paulus sê: “As Christus nie opgestaan het nie, is ons geloof sonder sin en inhoud”. Daar is dus geen evangelie (goeie boodskap) in “Die evangelie van Judas” nie.

Da Vinci

Die boek “Die Da Vinci Code” van Dan Brown het in 2003 verskyn. Daar is inmiddels reeds meer as 48 miljoen eksemplare verkoop, met vertalings in 44 tale. Die verfilming van die boek sal seker nog meer mense bereik. Dan Brown stel in sy boek dat alle beskrywings van kunswerke, argitektuur, dokumente en geheime rituele noukeurig gedoen is. Die belangrikste stelling in sy boek is dat Jesus getroud was met Maria Magdalena en dat hulle ’n kind gekry het. Ondanks herhaalde gerugte en bespiegelings hieroor, het die Christelike kerk hierdie waarheid al vir

2 000 jaar geheim gehou. Die kerk het aan die vier evangelies van die Nuwe Testament gepeuter en dit verander na dit wat ons nou daarin lees.

Maar die werklikheid was, onder die strengste geheimhouding, bekend by mense soos die ridders van die Heilige Graal, by die Vrymesselaars en by Leonardo da Vinci. Da Vinci het, volgens Dan Brown, in sy beroemde skildery “Die laaste Nagmaal” vir Maria Magdalena aan Jesus se regterhand laat sit (en nie die apostel Johannes, soos algemeen aanvaar word nie). Vandaar die titel van sy boek: “Die Da Vinci Code”, waar Da Vinci hierdie geheim subtiel aan die publiek onthul het.

Teenoor die waarheid en betroubaarheid van die kanonieke boeke van die Nuwe Testament hoef ons niks verder te sê oor die fantasieë en aanwysbare onsin van Brown nie. Dr Rowan Williams, die aartsbiskop van Kantelberg, het in sy Paaspreek van hierdie jaar aandag gegee aan hierdie sogenaamde sameswerings van die kerk om die waarheid oor Jesus en Judas te verdraai en te verduister. Hierdie beskuldiging van ’n sameswering deur die kerk is niks nuuts nie, dit is net weer “herontdek”.

Die waarheid

Die Moslems beweer ook dat die Jode en die Christelike kerk die waarheid verdraai het. In die Bybel word Isak, die stamvader van die Jode, die werklike seun van Abraham genoem. Maar in feite was dit Abraham se oudste seun Ismael, die stamvader van die Arabiere. Die Jode, en in navolging van hulle die Christelike kerk, het hierdie waarheid bewuslik in die Bybel verdraai en die gelowiges mislei, aldus die Islam. Daar is dus niks nuuts onder die son met “Die evangelie van Judas” en “Die Da Vinci Code” nie.

Blykbaar is daar nou weer in ons tyd ’n oplewing van die gnostiek. “Ek is ’n god in die diepste van my gedagtes”, sê ’n Nederlandse digter. “Ons moet werk aan ons geestelike self en die goddelike daarin terugvind”, sê die moderne sosioloog. Die waarheid wat die kerk bely op grond van die kanonieke boeke van die Bybel word steeds weer aangeval. Beskuldigings van esoterie (dit beteken die waarheid word slegs deur ’n klein aantal ingewydes geken en geheim gehou) duik ook gereeld in allerlei vorme op. Blykbaar spreek esoteriese en gnostisistiese onsin, in eeu-oue of in moderne vorm, die liggelowige miljoenepubliek van ons tyd aan en eet (lees en kyk) hulle dit vir soetkoek op. Pseudo-evangelies van selfverlossing kom in die plek van die waarheid van God se Woord en die verlossing deur Jesus Christus, slegs uit genade.

So probeer die satan die fondament van die kerk ondermyn. Ons merk dit op baie vlakke, ook op subtielere maniere van Skrifkritiek en maniere van eksegeese (= uitlegkunde = wat staan daar werklik) en hemeneutiek (= verklaarkunde = wat beteken dit vir ons). Hierdie soort aanvalle op die waarheid wat die kerk bely, sal ook steeds met ons bly.

Beskuldigings van ’n sameswering deur die kerk om die waarheid te verdraai, lyk eerder na ’n sameswering deur die satan en die wêreld om die kerk en die geloof te ondermyn. Die Waarheid wat die kerk duidelik en eerlik bely, is saamgevat in die aanvaarde kanonieke boeke van die Bybel en weergegee in die kerk se belydenisskrifte. Die kerk het niks om te verberg nie. Laat ons daarom goed gewapend bly met kennis van die Woord en van ons belydenisskrifte. Dan kan ons ook ander teen hierdie verleidings waarsku. ✠

Kinders en geld, ouers en tyd

Wilma Pouwels

SAMELEWING

Inleiding

In elke huishouding met kinders kom die kwessie van sakgeld een of ander tyd ter sprake. Om sakgeld te kry, is deel van grootword. Dit bied 'n mate van vryheid aan die kind. In sommige huishoudings kry kinders baie sakgeld, met die verstandhouding dat die kind van sy benodigdhede self moet koop. Vir ander is sakgeld net vir eie gebruik. Daar is ook gesinne waar die ouers vir hul kinders koop wat hulle nodig het, en hulle ag sakgeld daarom nie nodig nie. Sommiges meen dat kinders van kleins af met geld moet kan werk, en hulle gebruik sakgeld om die basiese beginsels daar te stel. Vir ander is dit weer belangrik dat kinders vir elke taak wat verrig word, geld ontvang.

Daar word dus op verskillende maniere oor die gee van sakgeld en die omgaan met sakgeld gedink. Die vraag is of kinders vir alles wat hulle doen, beloon moet word, of is dit nodig dat die kinders ook uit liefde en dankbaarheid deel in die huislike pligte? Word die belangrikheid van geld nie maklik oorbeklemtoon en die tyd vir en diens aan ons naaste so verontagsaam nie?

Geld en tyd


Kinders is van kleins af bewus van die waarde van geld. As kinders nog baie jonk is, is munte (geldjies) vir hulle meer waardevol as note (papiergeld). Dit verander egter vinnig as die kind besef dat geld goed koop. Geld koop alles wat Pa en Ma nodig het. En as hulle graag iets wil hê en Mamma sê daar's nie geld nie, dan is die kitsbank mos daar waar Mamma kan gaan trek? Op 'n meer bewuste ouderdom word geld vir die kind iets wat hy moet oppas, suinig mee moet wees, moet spaar, sodat die spesifieke speelding gekoop kan word wat hy al so lank soek. Geld het waarde. Ons almal het dit nodig om te kan lewe. Hoe meer geld,

hoe 'n beter, makliker lewe lei ons. Om geld in die hande te kry, moet daar egter hard gewerk word. Werk kos tyd. Tyd is geld. Om te werk vir geld, is nie verkeerd nie; intendeel, dit is 'n opdrag van die Here om hard te moet werk sodat ons in ons daaglikse behoeftes kan voorsien. Die opdrag van die Here is óók dat ons na ons naaste moet omsien: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself". Naaste-liefde kos tyd.

Tyd is dus eintlik die oorsaak van ons dilemma. Ons het baie tyd nodig om ons werk te doen en ons het tyd nodig om na ons naaste om te sien. As ons te min tyd inruim om ons werk klaar te kry, beteken dit minder inkomste. Minder inkomste maak dit moeiliker om ons naaste te help. As ons baie tyd in ons werk insit en daardeur baie verdien, het ons weer nie tyd om aan ons naaste te dink nie, en het ons dikwels nie eers die tyd om die ander se armoede en behoeftes raak te sien nie.

Voorbeeld

In die opvoeding is ouers se voorbeeld baie belangrik. Om as ouers al ons tyd te gebruik om geld te verdien en daarom nie tyd te hê om ons naaste se behoeftes raak te sien nie, is individualisties en selfsugtig. Deur so 'n voorbeeld leef ons ons kinders voor om 'n individualistiese lewenstyl te handhaaf. Ouer kinders word baie blootgestel aan die beroepswêreld, inkomste, kwaliteit van lewe en sorg vir die toekoms. Die oorbeklemtoning van eie belange word daagliks in gesprekke met maats, op TV en in tydskrifte aangemoedig. As gereformeerde ouers wil ons ons kinders leer dat daar tyd vir ander moet wees. Tyd om te help met geldinsamelings, al het ons self genoeg en nie nodig om in die wins te deel nie. Begrip vir dié wat nie kan terugkruip vir etes nie. 'n Hart vir dié wat altyd net-net genoeg het en



nooit kan afknyp vir 'n vakansie nie. Mededeelsaamheid. Kinders moet leer besef dat dit goed is om vir 'n maatjie wat nooit lekkers skool toe kry nie, sy enigste lekker te gee wat Mamma vir hom in sy kosblik gesit het.

Ou Testament

Die kinders wat saam met hulle ouers deel was van die volk Israel in die Ou Testament, het gesien hoe hulle ouers die opdragte van die Here uitvoer. Elke jaar het hulle 'n tiende van hul inkomste aan die tempeldiens afgestaan. Elke derde jaar is 'n tiende aan die Leviete, vreemdelinge, weduwees en wese gegee. Dan was daar elke sewende jaar rus, die sabbatsjaar. In dié jaar is daar nie gesaai of geoes nie, maar het die Here gesorg vir genoeg om van te leef vir almal, ook vir die slaaf en die bywoner. Die kinders het ook elke vyftig jaar die jubeljaar beleef. Dit was vir ryk en arm 'n jaar waarin hulle nuwe perspektief op die lewe kon kry. In hierdie jaar het almal weer van voor af begin. Die eiendom wat van 'n ander gekoop is, moes teruggegee word. Die kinders het van al hierdie dinge geweet; hulle ouers het dit vir hulle vertel. En as hulle ouer geword het en selfvoorsienend geraak het, moes hulle ook hierdie wette onderhou. "Laat niemand dan sy naaste verdruk nie, en vrees jy jou God; want ek is die Here julle God."

Tog is die jubeljaar byna nooit gevier nie. Die ouers het die wette aan hulle kinders oorvertel, maar dit nie voorgeleef nie. So het die kinders in hulle ouers se voetspore gevolg en ook nie die wette gehoorsaam nie.

Nuwe Testament

Op vele plekke in die NT staan

Eienaar en uitgewer:**Stigting Woord en Wandel**

G de Jager (voorsitter)

BJ Kamphuis

A Bron (sekretaris)

Tel. (012) 332-0943

E-pos (Stigting):

berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker:

Printburo

Tel. (012) 335-9134

Redaksie:

Greet de Vries

Hans Moes

Petro Hofsink

Juul Douma

Redaksieadres:

e-pos: jdouma@absamail.co.za

Saxenburgsingel 14

Oakglen

Bellville 7530

Tel. (021) 919-5176

E-pos:

Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland:

Mev. H van de Weide

Oldenkottebrink 60

7544 LP Enschede

Tel. (053) 478 4561

Administrasie:

Mev. G van der Meulen

Posbus 31195

Waverley 0135

Tel. (012) 332-3639

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel

Nedbank Gezina

Takkode: 16 03 45

Rek. nr: 1603 031 820

Vermeld asb.**u Naam & Lidnr****Intekengelde (per jaar):**

E-pos	RSA	R40
	Buiteland	•10
RSA	per hand	R90
	per pos	R100
Buiteland:		
	Seepos	•30
	Lugpos	•40

geskrywe oor die gee van gawes aan die behoeftige. “En die menigte van die wat gelowig geword het was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad.” Die Here Jesus self is vir ons ‘n voorbeeld. Hy het Hom ontferrm oor die arme en die behoeftige. Hy was bekommerd oor die siekes en die swakkes. Hy het hulle nooit weggestuur nie. Dit stem tot dankbaarheid. En om uit dankbaarheid te leef maak gewillig en bereid om ons naaste te dien en te help waar dit nodig is.

Ingesteldheid

Die Here gee nog van altyd af rykdom en armoede. Dieselfde ingesteldheid word in die Ou en die Nuwe Testament van die mens gevra: God is die Eienaar, ons lewe uit genade. Daarom leef ons nie vir onself nie. Ons moet gefokus wees op dié wat minder het. Selfs vir dié wat genoeg het om te eet, maar nooit iets ekstra kan bekostig nie, ook vir hulle moet ons ‘n hart hê. Die Here gee rykdom sodat die rykes in staat is om die armes te help. Dit wat ek het, ontvang ek, om ruimskoots met ander te kan deel. Dit hou wins in vir die behoeftige, maar vir die gewer hou dit net soveel vreugde in. Nie wie hét, is ryk nie; wie géé, is ryk.

Hoe moet ons as ouers dan ons kinders voorleef en help in hierdie saak?**Rentmeesters:**

Ons is **rentmeesters** van God in hierdie wêreld, saam met ons kinders. Ons moet gee waar ons kan, want ons het soveel. Van alles wat ons het, is niks ons eie nie. Dit maak ons dankbaar en ons harte ontvanklik. Hierdie gee is egter nie net gee van materiële rykdom nie. Dit hou ook in ons tyd om kennis en vaardighede met ander te deel, sodat ons naaste ook geleentheid kry om sy rentmeesterskap te kan uitvoer. Ons tyd moet nie altyd vir onself geld oplewer nie. Ons tyd moet ook aan ander ‘n beter lewe kan bied. Om takies in die huis te verrig, is nie tyd-mors en onnodig nie. Dit hoef ook

nie altyd beloon te word nie, want om iets vir ‘n ander te doen of te kan beteken, gee ‘n warm gevoel om die hart. Dit is ‘n voorreg om te kan gee. Dit is ‘n vreugde om die ander se dankbaarheid te sien.

Wees vergenoeg:

Om vergenoeg te wees is om tevrede te wees. Wees tevrede met dit wat jy besit en dankbaar met dit wat jy ontvang. Kinders moet beseft dat geld net ‘n middel is vir sekere doelwitte. Kinders moet beseft en verstaan dat tydbenutting belangrik is. Onthou ons universele opdrag: eer God in alles. “Ons het niks in die wêreld ingebring nie, en kan ook niks daaruit wegdra nie.” “Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.” (Hebr 13:5) Leef spaarsaam en sober. Ons kan nie, mag nie alles kry wat ons harte begeer nie. Kinders moet ook nie alles wil hê, en dan kry, omdat ander dit het nie. Wees tevrede en bly, en deel met ander.

Ons naaste liefhê:

Spreuke 22:2 sê: “Rykes en armes ontmoet mekaar, die Here het hulle almal gemaak.” Hierdie opdrag van die Here moet ons ons kinders voorleef. Armes en rykes moet mekaar wedersyds bystaan en help.

Gevolgtrekking:

Die wêreld wil alles in geldwaarde bereken. Selfs in die kerk is die geneigdheid om probleme, aktiwiteite en tyd in geldwaarde te bereken. Geld mag nie ons doelwit in die lewe wees nie. Ons doelwit is om uit liefde en dankbaarheid teenoor God, ons naaste te dien. Dan is geld nie meer die hoofdoel nie, maar net een van die middele om tot eer en heerlijkheid van ons God en Vader en tot nut van ons naaste te lewe. Dan is daar nie teenstrydigheid in die sakewêreld en die kerkwêreld nie.

As ons met hierdie doel voor oë leef, sal ons kinders die waarde van geld beseft en dit nie hoër ag as die tyd wat ons nodig het vir die gesin en ons naaste nie. ☩